(c) Beskou u die voorgeskrewe eed as bindend vir u gewete?

Antwoord: _____

Ek sertifiseer dat die verklaarder vertrouwd is met die inhoud van die verklaring en dit begryp. Hierdie verklaring is beëdig/bevestig voor my en die verklaarder se handtekening/duimafdruk/merk is in my teenwoordigheid daarop aangebring.

KOMMISSARIS VAN EDE

PLEK

DATUM

STEMPEL

VIR AMPTELIKE GEBRUIK DEUR KEURINGSBEAMPTE DEPARTEMENT VAN MAATSKAPLIKE ONTWIKKELING

Totale bruto inkomste R _____

Min: Goedgekeurde aftrekkings (spesifiseer) R _____

R _____

R _____

R _____

R _____

Netto inkomste R _____

Inkomstegroepkode

BEAMPTE - DEPARTEMENT MAATSKAPLIKE ONTWIKKELING

DATUM



SILWERKRUIN ACVV HUIS VIR BEJAARDES

OOREENKOMS TEN OPSIGTE VAN FINANSIES

Hiermee onderneem ek _____

Familielid / Gevolmagtigde van _____

dat indien Mnr / Mev _____

in onvermoë is om sy / haar / hulle losies ten volle te betaal, ek die volle verantwoordelikheid daarvoor aanvaar.

Ek onderneem om die verskuldigde bedrag, soos ooreengekom met Silwerkruin, te vereffen voor die 5de van elke maand.

My kontaknommer: (H) _____

(W) _____

(Selfoon) _____

My adres: _____

Handtekening Familielid / Gevolmagtigde

Handtekening Bestuurder Silwerkruin

Getuie

Datum



RIGLYN 22 / GUIDELINE 22

**TOESTEMMINGSVORM VIR TOELATING NAMENS 'N OUER PERSOON
TOT 'N RESIDENSIËLE SORGFASILITEIT / CONSENT FORM FOR
ADMISSION IN A RESIDENTIAL CARE FACILITY ON BEHALF OF AN
OLDER PERSON**

**ARTIKEL 21(3)(b)(i) VAN DIE WET OP OUER PERSONE, 2006 (WET 13
VAN 2006) / SECTION 21(3) (b) (i) OF THE OLDER PERSONS ACT,
2006 (ACT NO. 13 OF 2006)**

Ek (Naam en Van) _____

Identiteitsnommer _____

Woonagtig te (Straatadres) _____

met telefoonnommer _____

gee hiermee toestemming kragtens artikel 21 (3)(b) (i)

vir (Naam en Van van Ouer Persoon) _____

om opgeneem te word in (Naam van Residensiële Fasiliteit) _____

(Adres en telefoonnommer van Residensiële Fasiliteit) _____

HANDTEKENING VAN PERSOON WAT TOESTEMMING GEE

DATUM



**DIENSOORENKOMS TEN OPSIGTE VAN SILWERKRUIN
ACVV-RESIDENSIËLE FASILITEIT**

**Ooreenkoms tussen die ACVV-Regsentiteit
Silwerkruin ACVV Huis vir Bejaardes, Wellington**

Adres

Fonteinstraat 41, Wellington, 7655

(hierna hierin verwys as die Bestuur/Beheerraad)

EN

Inwoner (Volle Name en Van)

Identiteitsnommer

Adres

(hierna hierin verwys as die Inwoner)

EN / OF

Benoemde Familielid / Verteenwoordiger (Volle Name en Van)

Identiteitsnommer

Verwantskap

Adres

(hierna hierin verwys as die benoemde familielid / verteenwoordiger)

1. OMSKRYWING VAN BEGRIPPE

Vir die doel van hierdie ooreenkoms geld die volgende definisies:

1.1. Residensiële Fasiliteit

'n Gebou of ander struktuur wat hoofsaaklik gebruik word vir die doel om akkommodasie te voorsien en om 'n 24-uur diens aan Ouer Persone te lewer (artikel 1 Definisie in die Wet op Ouer Persone, 2006 [Wet No. 13 van 2006] verwys).

1.2. Inwoner

'n Persoon bo die ouderdom van 60 jaar wat in hierdie ACVV-Residensiële Fasiliteit woon.

1.3. Benoemde Familielid/Verteenwoordiger

Die persoon wat deur die inwoner self en/of sy/haar familie aangewys word om die inwoner se sake namens hom/haar en in sy/haar beste belang te hanteer.

1.4. Bestuur/Beheerraad (Skrap die beskrywing wat nie van toepassing is nie)

In die geval van 'n ACVV-Tak/ACVV-Dienstak is die volgende begripsomskrywing van toepassing:

Die Bestuur beskik oor die wetlike verantwoordelikheid vir die dienste van die ACVV-Residensiële Fasiliteit. Die Bestuur beskik ook oor die finale besluitnemingsbevoegdheid met betrekking tot beleidsake soos in die betrokke Konstitusie bepaal word.

In die geval van 'n ACVV-Diensvertakking is die volgende begripsomskrywing van toepassing:

Die Beheerraad beskik oor die gedelegeerde verantwoordelikheid (vanaf die ACVV-Tak). vir die dienste van die bepaalde ACVV-Residensiële Fasiliteit.

2. DUUR VAN DIE OOREENKOMS

- 2.1 Die ooreenkoms tree in werking met die behoorlike ondertekening van hierdie dokument.
- 2.2 Die ooreenkoms sal na afloop van 'n periode van vyf jaar aan hersiening onderhewig wees, maar kan deur die inwoner en/of sy/haar benoemde familielid/verteenwoordiger of die Bestuur/Beheerraad beëindig word met minstens 30 dae kennisgewing aan die ander partye [artikel 16(i) in die Wet op Ouer Persone, 2006 (Wet no. 13 van 2006) verwys].
- 2.3 Die partye erken dat hierdie ooreenkoms nie aan die inwoner 'n 'reg tot okkupasie' bied nie, soos bedoel in artikel 1 van die Wet op Behuisingsontwikkelingskemas vir Afgetrede Persone, 1988 (Wet No. 65 van 1988), deurdat die inwoner nie die reg het om die fasiliteit vir die res van sy/haar leeftyd te bewoon nie.
- 2.4 **Sou die inwoner te sterwe kom, sal die ooreenkoms van krag bly tot die einde van daardie kalendermaand waarin die inwoner oorlede is.**

3. TIPE AKKOMMODASIE

- 3.1 Die inwoner mag opgeneem word in 'n enkelkamer, dubbelkamer, saal of woonstel, soos beskikbaar is en met die inwoner en/of sy/haar benoemde familielid/verteenwoordiger ooreengekom word.
- 3.2 Die Bestuur/Beheerraad en die inwoner sal, voordat die inwoner intrek (en by die beëindiging van verblyf in die betrokke ruimte), 'n gesamentlike inspeksie van die akkommodasie doen, soos bedoel in Artikel 5(3) van die Wet op Huurbehuising, 1999 (Wet No. 50 van 1999).
- 3.3 'n Lys van enige en alle defekte, soos bedoel in Artikel 5(3)(e) van die Wet op Huurbehuising, 1999 (Wet No. 50 van 1999), word as Aanhangsel A tot hierdie ooreenkoms aangeheg.
- 3.4 Die inwoner mag, as gevolg van verandering in sy/haar versorgingsbehoefte en afhangende van die beskikbaarheid, na 'n

geskikte bed/kamer/saal verskuif word. So 'n verskuiwing sal in oorleg met die inwoner en/of sy/haar benoemde familielid/verteenwoordiger plaasvind en sal nie die inwoner onredelik benadeel nie. Behoorlike kennisgewing van minstens 30 dae sal geld, soos bedoel in Artikel 16(i) van die Wet op Ouer Persone, 2006 (Wet no. 13 van 2006).

4. LOSIESGELD (*Skrap wat nie van toepassing is nie*)

4.1 Die Registrasiefooi beloop R _____

4.2 Die datum van toelating is _____

4.3 Die huidige losiesgeld beloop R _____ per kalendermaand.

4.4 Die losiesgeld word jaarliks aangepas soos deur die Bestuur/Beheerraad goedgekeur. Skriftelike kennisgewing van 2 kalendermaande sal geld.

4.5 Losiesgeld is stiptelik vooruitbetaalbaar voor of op die vyfde dag van elke maand.

4.6 Betalings geskied deur middel van 'n debietorder / internetbetaling / bankoorplasing / kontantbetaling / tjekbetaling.

4.7 Geen vermindering van losiesgeld sal toegestaan word ten opsigte van enige tydperk wat die inwoner weg is met vakansie of om enige ander rede afwesig is uit die ACVV-Residensiële Fasiliteit nie.

4.8 Indien die inwoner te sterwe sou kom terwyl die woonruimte gehuur word, is die volle bedrag ten opsigte van losiesgeld vir die betrokke maand steeds betaalbaar.

4.9 Indien die inwoner kwalifiseer vir staatsubsidie:

i) Sal die riglyne van die Departement: Maatskaplike Ontwikkeling gevolg word.

ii) Wanneer die inwoner se maandelikse inkomste en staatsubsidie (waar van toepassing) nie die losiesgelde dek nie, sal daar van die

inwoner en/of sy/haar benoemde familielid/verteenwoordiger vereis word om die balans maandeliks te vereffen.

- 4.10** Die Bestuur/Beheerraad sal ingevolge artikel 5(3)(a) en (b) in die Wet op Huurbehuising, 1999 (Wet No. 50 van 1999) die inwoner of sy/haar benoemde familielid/verteenwoordiger voorsien van 'n kwitansie vir alle betalings wat ten opsigte van losiesgeld/huur ontvang is. Waar praktiese redes dit vereis, mag die uitreiking van so 'n kwitansie een maal per jaar geskied.

5. REGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE VAN DIE INWONER

5.1 Regte

Die inwoner het, ooreenkomstig Artikel 16 in die Wet op Ouer Persone, 2006 (Wet No. 13 van 2006) die reg tot:

- (i) die aanstelling van 'n verteenwoordiger wat namens hom/haar ageer;
- (ii) redelike toegang tot bystand en besoeke;
- (iii) die behoud en gebruik van persoonlike besittings;
- (iv) toegang tot basiese sorg;
- (v) inligting oor die finansiële status van die Residensiële Fasiliteit en veranderinge aan die Bestuur;
- (vi) deelname aan sosiale, godsdienstige en gemeenskapsaktiwiteite van sy/haar keuse;
- (vii) privaatheid;
- (viii) die dienste van sy/haar eie geneeskundige indien hy/sy dit kan bekostig; en
- (ix) minstens 30 dae kennisgewing van 'n voorgenome verskuiwing of ontslag.

5.2 Verantwoordelikhede

Die inwoner en/of sy/haar benoemde familielid/ verteenwoordiger behou die verantwoordelikheid vir aspekte soos die volgende:

- (i) Vervoer na spreekkamers of klinieke en hospitale.
- (ii) Maandelikse aanvulling van toiletware.
- (iii) Navrae by en korrespondensie met mediese fonds.
- (iv) Kontrole oor die toestand van en herstelwerk aan klerasie, skoeisel en linne.
- (v) Uitneem van eie versekering, insluitend begrafnisdekking, en die betaling van alle premies.
- (vi) Voedselaanvullings, byvoorbeeld "Ensure", op eie koste.
- (vii) Voorsiening van eie rolstoel en/of ander hulpmiddels indien dit op 'n daaglikse basis benodig word.
- (viii) Aansoek om opname in alternatiewe versorging, indien die fasiliteit nie langer aan die inwoner se versorgingsbehoefte kan voldoen nie.
- (ix) Daar word van die benoemde familielid/vertteenwoordiger verwag om die inwoner gereeld te besoek en te ondersteun, asook om aktiwiteite van die fasiliteit volgens vermoë te ondersteun.

6. DIENSTE WAT GELEWER WORD

6.1 Maaltye (*Skrap wat nie van toepassing is nie*).

- i) Drie etes per dag word aan inwoners voorsien.
- ii) 'n Gestandaardiseerde, gebalanseerde spyskaart word gevolg en daar kan nie aan persoonlike voorkeure voldoen word nie.
- iii) Spesiale diëte sal slegs op voorskrif van 'n geneesheer voorsien word:
 - Diabetes - slegs suikervry
 - Cholesterol - slegs vetvry
 - Allergieë - slegs binne die kapasiteit/vermoë van die program

- iv) Indien sodanige diëte veroorsaak dat die etes duurder is as wat die normale etes is, sal sodanige etes die persoon se eie verantwoordelikheid wees, of die nodige reëlings sal met die Bestuur/Beheerraad getref moet word.
- v) Die inwoner mag nie self 'n ete in 'n slaapkamer, 'n dienskombuis (in 'n gang), 'n sitkamer of 'n ander vertrek voorberei nie.
- vi) Die inwoner mag slegs etes in 'n slaapkamer ontvang nadat die Hoof of die Persoon in Bevel toestemming daartoe verleen het.
- vii) Die inwoners mag teen betaling 'n gas/gaste vir ete nooi. Besprekings en betalings moet 'n dag vooraf by die Administratiewe Kantoor gedoen word.

6.2 Fisiese versorgingsdienste (*Skrap wat nie van toepassing is nie*)

- i) Versorgingsdienste met 'n verplegings-onderbou sal gelewer word, na aanleiding van 'n geïndividualiseerde sorgplan.
- ii) Geen gespesialiseerde verpleegdienste kan gelewer word nie. Indien die inwoner ná opname gespesialiseerde versorging benodig, soos aanbeveel deur die professionele span van die ACVV-Residensiële Fasiliteit en waaraan die betrokke fasiliteit nie kan voldoen nie, sal daar van die inwoner en/of die benoemde familielid/verteenwoordiger verwag word om so gou moontlik aansoek te doen om alternatiewe versorging. Die kennisgewingstydperk sal ingevolge Artikel 16(i) van die Wet op Ouer Persone (Wet No. 13 van 2006) minstens 30 dae wees. In die geval van 'n noodsituasie, kan die voorafgaande vermelde tydperk verkort word. Elke saak sal volgens meriete hanteer word.
- iii) Indien die ACVV-Residensiële Fasiliteit se dienste nie in die inwoner se fisiese behoeftes voldoen nie en daar van aanvullende dienste en hulpmiddels gebruik gemaak moet word, is die inwoner verantwoordelik vir die finansiële uitgawes, soos ooreengekom met die inwoner en/of die benoemde familielid/verteenwoordiger.

- iv) Ter beskerming en beveiliging van inwoners mag daar 'n kamera-monitoringstelsel binne die Residensiële Fasiliteit op strategiese plekke geïnstalleer word. Die privaatheid van inwoners sal in ag geneem en met respek hanteer word.

6.3 Medikasie (*Skrap wat nie van toepassing is nie*)

- i) Alle medikasie (voorskrif en oor-die-toonbank) moet by die Persoon in Bevel van die skof ingehandig word.
- ii) 'n Afskrif van enige voorskrif van 'n geneesheer moet saam met die voorgeskrewe medikasie ingehandig word soos bedoel in (i) hierbo.
- iii) Die ACVV-versorgingspan is verantwoordelik vir beheer oor die toediening van medikasie aan inwoners. Die ACVV-Residensiële Fasiliteit se personeel en Bestuur/Beheerraad neem egter geen verantwoordelikheid daarvoor indien die inwoner van die voorafgaande bepalings afwyk en self medikasie neem, of waar familieledes/besoekers dit direk aan die inwoner toedien nie.

6.4 Skoonmaakdienste en wasgoed (*Skrap wat nie van toepassing is nie*)

- i) Die Residensiële Fasiliteit sal skoon en higiënies gehou word.
- ii) Die inwoner se wasgoed sal gereeld gewas en gestryk word. Alle persoonlike items van die inwoner moet duidelik met die inwoner se naam en van gemerk wees.

7. LYS VAN BENODIGDHEDE BY OPNAME

7.1 Meubels toelaatbaar

Enkel- of driekwartbed, bedkassie, 1 gemak- of leunstoel of 2 klein stoele, TV-skinkbord, snippermandjie, 1 plastiekemmer, plastiekskottel vir voete was. Geen ekstra meubels mag sonder die toestemming van die Bestuurder of Hoofverpleegkundige ingebring word nie.

7.2 Elektriese toebehore

Mikrogolfoonde, stryksters, warmplate, braaipanne, broodroosters, ketels en elektriese komberse word nie in die kamers toegelaat nie. Slegs 'n televisie, radio, haardroër, bedlampie en waaiër, asook paneelverwarmers (gemonteer teen die kamer se muur), sal toegelaat word. 'n Yskas (maksimum 80 liter) is toelaatbaar. Inwoner / familie is verantwoordelik vir die gereelde skoonmaak van die yskas. 'n Multiprop met veiligheidskakelaar moet self deur die Inwoner/familie verskaf word.

7.3 Beddegoed

Eie gordyne, lakens (6), slope (6), komberse (2), beddeken / duvet (2), kussings (2), kniekomersie (1), handdoeke (2 klein en 4 medium), waterdigte matrasbeskermer (1), bedmatjie (1m x 1.5m) met rubberagterkant (1).

8. VOORSIENING VAN VOORGESKREWE DOKUMENTASIE

Die Bestuur/Beheerraad sal by die aansoek vir akkommodasie die volgende dokumentasie aan die aansoeker voorsien:

- i) Die toelatingsbeleid en die tariewestruktuur ten opsigte van die Residensiële Fasiliteit.
- ii) Die Huisreëls en 'n afskrif van die Registrasiesertifikaat van die Residensiële Fasiliteit, soos vereis ingevolge artikel 5(7) van die Wet op Huurbehuising, 1999 (Wet No. 50 van 1999. Die ondertekende Huisreëls word as Aanhangsel B tot hierdie Diensooreenkoms toegevoeg.
- iii) Inligting ten opsigte van die Residensiële Fasiliteit en die verskillende versorgingsdienste; en
- iv) Die amptelike Klage Protokol van die Residensiële Fasiliteit.

9. VASTE TOEBEHORE

- 9.1 Die toestemming van die Bestuur/Beheerraad moet vooraf verkry word vir enige items of toebehore wat addisioneel permanent aan die struktuur geheg word.
- 9.2 Sulke items of toebehore mag nie verwyder word wanneer die kamer ontruim word nie.

10. AANSPREEKLIKHEID VIR SKADE

- 10.1 Die inwoner en/of sy/haar benoemde familielid/verteenwoordiger sal finansiëel en ook andersins ten volle aanspreeklik gehou word vir skade wat deur die inwoner en /of sy/haar besoeker(s) aan ACVV-eiendom aangerig word.
- 10.2 Elke geval sal op meriete ondersoek en hanteer word en die inwoner/benoemde familielid/verteenwoordiger is welkom om sodanige prosedure/bevinding by te woon en/of te opponeer.
- 10.3 Die finale beslissing berus by die Bestuur/Beheerraad.

11. KLAGTES

Die ACVV-Residensiële Fasiliteit het 'n amptelike Klagte Protokol wat te alle tye sal geld. Die inwoner en/of sy/haar benoemde familielid/verteenwoordiger moet hiervan kennis neem ten einde dit te kan gebruik indien dit nodig sou wees. Die fasiliteit onderneem om klagtes na behore te ondersoek en te hanteer. Terugvoer oor die bevindinge sal aan die klaer/klaagster gegee word indien die klagte nie anoniem was nie.

12. GEDRAG

- 12.1 Die Huisreëls van die Residensiële Fasiliteit word ingevolge Punt 2.2.2 van die Nasionale Norme en Standaard vir Residensiële Fasiliteite [Regulasies ten opsigte van ouer persone (Wet No. 13 van 2006)] aan die inwoner voorsien. Die Huisreëls dien as riglyn vir die inwoner se gedrag.
- 12.2 Die ACVV-Residensiële Fasiliteit is 'n rookvrye gebied.
- 12.3 Geen gewoontevormende middels mag deur 'n inwoner op die perseel gebring of gebruik word nie.

- 12.4 Geen vuurwapen word op die perseel toegelaat nie.
- 12.5 Die inwoner mag geen troeteldier by die Residensiële Fasiliteit inbring nie.
- 12.6 Dit is die verantwoordelikheid van die inwoner om die Huisreëls van die betrokke fasiliteit te ken en stiptelik na te kom. Wangedrag van die inwoner mag ingevolge Hoofstuk 5 van die Wet op Ouer Persone (Wet No. 13 van 2006) en/of ander toepaslike wetgewing, hanteer word en mag daartoe lei dat die inwoner voortgesette verblyf en/of toegang tot die Residensiële Fasiliteit verbied word.

13. **VEILIGHEID** (*Skrap wat nie van toepassing is nie*)

Die Bestuur/Beheerraad het die volgende veiligheidsmaatreëls in plek:

- i) Noodklokkies.
- ii) Veiligheidshekke.
- iii) Moniteringskamas in beperkte areas.

14. **ONTBINDING VAN DIENSOOREENKOMS** (*Skrap wat nie van toepassing is nie*)

- 14.1 Addisioneel tot die reg tot beëindiging, soos uiteengesit in klousule 2.2, kan hierdie ooreenkoms ontbind word met kennisgewing van een kalendermaand:
- i) **Deur die Bestuur/Beheerraad indien:**
 - a. die losiesgeld nie opbetaal is nie;
 - b. die inwoner na toelating spesialiteitsversorging benodig waaraan die ACVV-Residensiële Fasiliteit nie kan voldoen nie;
 - c. die inwoner en/of besoeker(s) van die inwoner die Huisreëls verontagsaam op meer as een geleentheid binne 'n periode van ses maande;
 - d. voortgesette onaanvaarbare gedrag deur die inwoner dit noodsaak; of

- e. die inwoner en/of besoeker(s) van die inwoner 'n kriminele oortreding pleeg op die perseel van die ACVV-Residensiële Fasiliteit.

ii) Deur die inwoner indien:

- a. die inwoner die fasiliteit permanent gaan verlaat; of
- b. die inwoner na toelating spesialiteitsversorging benodig waaraan die ACVV-Residensiële Fasiliteit nie kan voldoen nie.

14.2 Die ooreenkoms sal, onderhewig aan klousules 2.2, 2.4 en 13.3 verval indien 'n inwoner te sterwe kom.

14.3 By die afsterwe van die inwoner, is die benoemde familielid/verteenwoordiger verantwoordelik vir die kennisgewing, soos bedoel in 13.1 hierbo, die begrafnisreëlings en koste daaraan verbonde, asook vir die ontruiming van die kamer.

14.4 In die geval van 'n egpaar waar een van die egliede te sterwe kom, is die oorblywende eglied verplig om na die eerste beskikbare enkelkamer te verskuif, of indien die persoon in die kamer wil aanbly, die volle bedrag te betaal.

15. VRYWARING

15.1 Die inwoner aanvaar verblyf in die Residensiële Fasiliteit op sy/haar uitsluitlike risiko.

15.2 Die inwoner en/of sy/haar benoemde familielid/verteenwoordiger vrywaar die Bestuur/Beheerraad en alle personeellede van enige eis, indien hy/sy binne die geboue of op die terrein sou val of hom/haar op enige ander wyse sou beseer, tensy sodanige besering as gevolg van die nalatigheid van die Bestuur/Beheerraad of personeellede is.

15.3 Die inwoner en/of sy/haar benoemde familielid/verteenwoordiger vrywaar die Bestuur/Beheerraad en alle personeellede van enige aanspreeklikheid vir enige verlies of skade aan eiendom wat inwoners of hulle besoekers binne die geboue of op die terrein mag opdoen. Persoonlike besittings, meubels, voertuie en waardevolle artikels sal deur die inwoner self teen skade of verlies verseker word.

- 15.4 Indien die inwoner van die vervoer van die ACVV-Residensiële Fasiliteit gebruik sou maak, vrywaar hy/sy die Bestuur/Beheerraad en die personeel van alle aanspreeklikheid vir enige verlies, beserings of skade wat hy/sy mag opdoen, tensy dit as gevolg van die nalatigheid van die Bestuur/Beheerraad of personeellede opgedoen is.

16. VERKLARING VAN FINANSIËLE POSISIE

- 16.1 Die inwoner of sy/haar benoemde familielid/verteenwoordiger moet voor of met opname 'n opgedateerde en beëdigde staat van bates, laste, inkomste en uitgawes indien [Punt 2.2.2 van die Nasionale Norme en Standaarde vir Residensiële Fasiliteite in die Regulasies ten opsigte van ouer persone (Wet No. 13 van 2006) het betrekking]. State van al die inwoner se bankrekening vir die afgelope drie maande moet daarmee saam ingedien word.
- 16.2. Indien daar nie aan hierdie vereiste voldoen word nie sal die inwoner se losiesgeld teen die maksimum tariewe aangeslaan word.

17. ALGEHELE OOREENKOMS

Hierdie is die algehele ooreenkoms tussen die partye en geen wysiging hiervan sal geldig wees tensy dit op skrif gestel is en deur alle partye onderteken is nie.

18. REGSAKSIES EN ADRES VIR DIE BETEKENING VAN REGSDOKUMENTE

- 18.1 Indien die ACVV-Regsentiteit regsaksie teen die inwoner sou instel, is die inwoner en/of sy/haar benoemde familielid/verteenwoordiger aanspreeklik vir enige en alle koste wat die ACVV-Regsentiteit in hierdie verband aangaan.
- 18.2 Vir die doeleindes van enige regsaksie of enige amptelike kennisgewing voortspruitend uit hierdie kontrak, kies die partye hulle onderskeie fisiese adresse vir die betekening van alle regsdokumente en/of amptelike kennisgewings, soos volg:

Die Bestuur/Beheerraad: SILWERKRUIN ACVV Residentsiële Fasiliteit:

Fonteinstraat 41, Wellington, 7655

Die Inwoner:

Die Benoemde Familielid / Benoemde Verteenwoordiger:

Elke party sal geregtig wees om die betrokke bogemelde adres te wysig by wyse van skriftelike kennisgewing aan die ander partye.

Onderteken te _____ op hierdie ____ dag van _____ 20 ____

INWONER/S

Inwoner Naam en Van: _____

Inwoner Handtekening: _____

Inwoner Naam en Van: _____

Inwoner Handtekening: _____ (In geval van 'n egpaar)

BENOEMDE FAMILIELID/BENOEMDE VERTEENWOORDIGER:

Naam en van: _____

Handtekening: _____

**GEMAGTIGDE BESTUURLID NAMENS ACVV-RESIDENSIËLE
FASILITEIT:**

Naam en van: _____

Handtekening Bestuurslid

Handtekening Getuie

Datum



HUISREËLS

ALGEMEEN

Die tehuis is 'n ACVV-inrigting en die Bestuurskomitee oefen beheer daaroor uit, ooreenkomstig die ACVV-beleid.

Dit is die strewe van die Bestuurskomitee, Bestuurder en Personeel om, sover moontlik, vir die inwoners 'n aangename tuiste te skep. Ons wil die vertroue uitspreek dat u hierop kan reken.

1. DIE BESTUURDER - HOOF VAN DIE VERSORGING

Die Bestuurder is die persoon in beheer en tree namens die Bestuurskomitee as verantwoordelike amptenaar op. Dit word van die inwoners verwag om met die Bestuurder en personeellede saam te werk en nie met die bedryf van die inrigting in te meng nie.

2. MAALTYE / TEE

2.1 Etenstye

Ontbyt	07:30 - 09:00
Middagete	11:30 Eerste sitting
	12:30 Tweede sitting
Aandete	16:30

Kos word vir u gebêre slegs indien u a.g.v. 'n doktersafspraak of ander belangrike afspraak nie betyds vir ete sal wees nie. Die ontvangskantoor moet voor 09:00, op die dag van afwesigheid, in kennis gestel word van u reëlins.

Spesiale diëte word slegs op voorskrif van u geneesheer of op aanbeveling van die verpleegkundige in bevel voorberei. Geen uitsondering betreffende gewone geregte vir individue sal gemaak word nie.

2.2 Tee / Koffie

Dit word bedien om 10:00 en 14:30 daaglik, of soos gereël deur die Bestuurder.

Dieselfde reëls geld soos by 2.1.

2.3 Eetgerei en voedsel

Eetgerei of voedsel mag nie sonder toestemming uit die eetkamer verwyder word nie. Broodjies kan wel ná aandete na kamers toe geneem word.

Inwoners het 'n keusespyskaart vir die vleis van die dag. Bestellings moet weekliks ingedien word.

3. HUISHOUDELIKE SAKE

3.1 Netheid van kamer, badkamers en toilette

Kamers moet te alle tye netjies wees. Badkamers en toilette moet in dieselfde toestand gelaat word as waarin dit gekry is.

Met die oog op die netheid en die sindelikeheid van kamers, word inwoners nie toegelaat om sonder toestemming van die Bestuur addisionele meubelstukke daar te plaas of goedere in die kamers op te gaar nie. Spykers of ander voorwerpe mag nie in mure of deure gekap word nie. Inwoners en / of hulle familie is verantwoordelik om te sorg dat hul kaste netjies is.

MAKSIMUM MEUBELS TOELAATBAAR:

Bed, bedkassie, TV stel, 1 gemak/leunstoel of 2 klein stoele, TV-skinkbord, snippermandjie en emmer vir wasgoed, skottel vir voetwas.

3.2 Skoonmaak van kamers

Kamers word een keer per week skoongemaak, en dit word van u verwag om persoonlike en breekbare items weg te bêre, om skoonmakery te vergemaklik. Inwoners word versoek om die kamer te verlaat wanneer algemene assistente daar werk. Slegs 'n wasbare matjie 1m x 1.5m met 'n "nie-glip" onderkant word toegelaat. Los matjies word glad nie deur die tehuis gewas nie.

3.3 Oorplasing na ander afdelings

Dit staan die Bestuur vry om inwoners van een afdeling na 'n ander oor te plaas. Koste t.o.v. 'n telefoon, TV ens. sal die inwoners se eie verantwoordelikheid wees.

3.4 Kamersleutels

Mag by die kantoor gelaat word wanneer die inwoners uitgaan. Verlore sleutels moet deur die inwoner vervang word.

'n Deposito op sleutels van R250.00 word gehef. Dit is terugbetaalbaar indien die sleutels na ontruiming van 'n kamer by Ontvangs ingehandig word.

3.5 Besoekers

Besoekers is baie welkom by die Tehuis, maar word vriendelik ingelig dat inwoners tussen 13:00 en 14:30 rus.

Besoekure: Siekeboeg - Soggens 10:00 tot 11:00, maar verkieslik in die namiddae na 14:30.

Jong kinders moet onder streng toesig van besoekers wees.

3.6 Besoekers vir ete

Indien 'n inwoner iemand vir middagete in die tehuis wil nooi, moet reëlings en betaling 'n dag voor die tyd getref word met die Administratiewe Dame by ontvangs.

3.7 Oornag van besoekers

Tans bestaan daar geen fasiliteite om besoekers oornag te huisves nie.

4. ALGEMENE GEDRAG / OPTREDE

4.1 Kleredrag

Van inwoners word verwag om binne en buite die Tehuis netjies en fatsoenlik gekleed te wees.

Dit is die verantwoordelikheid van die inwoner en/of die familie om toe te sien dat die inwoner se klere gemerk en in 'n goeie toestand gehou word.

4.2 Wangedrag of onfatsoenlike optrede

'n Inwoner wat hom of haar skuldig maak aan enige vorm van wangedrag, en wat 'n bedreiging is vir die naam en welsyn van die Tehuis, of wie se gedrag mede-inwoners in verleentheid stel, of die eiendom van die Tehuis opsetlik beskadig of skend sal in opdrag van die Bestuurskomitee versoek word om die Tehuis onmiddelik te verlaat. Die Bestuurskomitee vertrou dat dit nooit nodig sal wees om hierdie reël toe te pas nie.

4.3 Foositjies, lenings en geskenke aan personeel

Die gee van foositjies en geskenke, asook die toestaan van lenings aan personeel of die betaling van personeel vir sekere dienste en hulp, **word onder geen omstandighede toegelaat nie**. Indien 'n geskenk wel gegee word, moet dit deur die gewer in die geskenkregister, by Ontvangs of by die Bestuurder, aangeteken word.

4.4 Afwesigheid

Inwoners moet die sekretaresse by ontvangs in kennis stel, asook die register wat vir die doel aangelê is, teken wanneer hy/sy uitgaan en nie vir ete tuis sal wees nie.

4.5 Opsegging van verblyf

Opsegging van verblyf moet met een kalendermaand skriftelike kennisgewing geskied.

4.6 Kollektes/Verkope

Verkope van verversings of enige ander item, (in die gebou of op die perseel) sal slegs toegelaat word tydens die minimark op Woensdae, met toestemming van die Bestuurder.

Kollektes in die Tehuis word nie toegelaat nie. 'n Houer in die portaal word beskikbaar gestel vir die doel.

5. FINANSIËLE AANGELEENTHEDE

5.1 Bewys van Inkomste

By opname in die Tehuis word Inkomsteverklaringsvorme (met dokumentêre bewys van inkomste) voltooi, sodat die losies volgens 'n vasgestelde losiestarieweskaal bereken kan word. Van inwoners word dit verwag om jaarliks, of wanneer deur die Bestuurskomitee versoek, hul finansiële posisie dokumentêr te staaf.

Indien foutiewe inligting op die opgawes verstrek word tydens opname, of op enige tydstip daarna, op grond waarvan 'n verlaagde losiestarief vir die betrokke inwoner bepaal word, sal hierdie tekort terugwerkend gevorder word.

5.2 Losiesgelde

Losiesgelde moet voor die 5de dag van die betrokke maand betaal word. Aangesien die tehuis se boekjaar aan die einde van Maart sluit, mag geen losiesgelde aan die einde van die maand vir die betrokke boekjaar agterstallig wees nie.

Geen vermindering van losiesgelde word toegestaan vir enige tydperk wat inwoners van die tehuis weg is nie.

Losiesgeld word gehef sodra aanvaarding van losies - ongeag van datum wanneer persoon fisies opgeneem word.

6. PERSOONLIKE DOKUMENTE

6.1 Pensioenboekie

Die Tehuis is 'n betaalpunt van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling. Dit word van die inwoners wie se pensioene by Silwerkruin uitbetaal word, verwag om hul pensioenboekie by opname by die kantoor in te lewer.

Nadat die pensioen ontvang en die losiesgeld afgetrek is, word die restant aan die inwoner uitbetaal of in hul persoonlike Trustrekening inbetaal. Enige losiesbybetaling moet voor die **5de** van die betrokke maand gedoen word.

6.2 Begrafnispolis

Die begrafnisboekie kan by die kantoor ingedien word, vir veilige bewaring.

7. ALGEMEEN

7.1 Terrein

Die terrein rondom die gebou moet netjies gehou word. Inwoners mag behulpsaam wees in die tuin, maar altyd in oorleg met die Bestuurder. Die tuinier of nutsman is in diens van die Bestuurskomitee en ontvang slegs bevele van die Bestuurder. Rapporteer enige herstelwerk by ontvangs / sekretaresse.

7.2 Voorportaal

Hierdie area is vir u gebruik wanneer u vir etes opdaag of wanneer u vir kort periodes wag om byvoorbeeld deur iemand gehaal te word.

7.3 Gastetoilette

Hierdie toilette is vir gebruik van besoekers, kliënte en personeel, en slegs in noodgevalle beskikbaar vir inwoners.

7.4 Dienste aangebied

7.4.1 Programme

Inwoners word uitgenooi om hulle tyd aangenaam en nuttig te bestee deur aan soveel moontlik van die programme in die Tehuis deel te neem. 'n Kennisgewing in hierdie verband sal van tyd tot tyd op die Kennisgewingbord aangebring word en ook afgekondig word.

7.4.2 Haarsalon

Haarsalondienste word weekliks aangebied deur 'n private persoon wat die salon bedryf. Afsprake kan by die salon gereël word.

7.4.3 Vrugteverkope

Indien beskikbaar, sal vars vrugte een maal per week tydens die minimark in die Tehuis se eetkamer te koop aangebied word.

7.4.4 Publieke Telefontelefoone

Daar is vier openbare munttelefoone by die tehuis beskikbaar.

7.4.5 Biblioteek

Die mobiele biblioteek besoek die tehuis weekliks. Grootdrukboeke is beskikbaar.

7.4.6 Brand

Veiligheidsoefeninge ten opsigte van brand moet bygewoon word.

7.4.7 Godsdiensaangeleenthede

In die kerksaal word daar bidure en eredienste vir die inwoners aangebied. Tye soos in Tehuis aangebied. Begrafnisse kan ook vanuit die kerksaal aangebied word.

7.4.8 Rustye / Stiltetye

Die inwoners word aangemoedig om tussen 13:00 en 14:30 te rus. Inwoners moet mekaar in hierdie verband in ag neem en mekaar nie steur nie.

7.4.9 Sosialisering onder inwoners

Inwoners word aangemoedig om met mekaar te sosialiseer, maar om te alle tye mekaar se privaatheid te respekteer.

7.4.10 Wasgoed

Geen wasgoed mag in die kamers of badkamers gedoen word nie. Daar moet van die wasgeriewe wat die Tehuis bied, gebruik gemaak word.

Wasgoed word een maal per week deur die washuis gewas en moet vergesel wees van 'n volledige wasgoedlys. Selfversorgende inwoners is verantwoordelik om die lys te voltooi en na te gaan. Verswakte inwoners sal hulp van die personeel ontvang. Notaboekies vir die doeleindes kan by die kantoor gekoop word. Alle wasgoed moet duidelik gemerk word met strokies wat aan die kledingstuk vasgewerk is. Strokies verkrygbaar by De Jager Uitrusters in die Paarl. Die Tehuis is nie verantwoordelik vir ongemerkte wasgoed nie. Geen klere wat "slegs handwas" aandui moet na die washuis gestuur word nie.

7.5 Elektriese toebehore

Mikrogolfoonde, strykysters, warmplate, broodroosters, en elektriese komberse word nie in die kamers toegelaat nie. Slegs 'n televisie, radio, haardroër en waaier sal toegelaat word, asook paneelverwarmers wat teen die muur monteer word. 'n Yskas - maksimum 80 l is toelaatbaar.

Inwoner / familie is verantwoordelik vir die gereelde skoonmaak daarvan.

Inwoners van die woonstelle word nie toegelaat om maaltye te kook nie, maar word toegelaat om oor 'n mikrogolf, yskas, ketel en 'n broodrooster te beskik.

7.6 Wapens

Geen vuurwapens of ander gevaarlike wapens word in die Tehuis toegelaat nie.

7.7 Alkoholiese drank

Ter wille van goeie orde in die Tehuis, word geen alkoholiese drank in kamers toegelaat nie.

7.8 Radio / Televisie

Stel u radio / TV so dat dit vir u genot verskaf, maar nie ander inwoners verontrief nie.

8. VERLIESE

Geld kan by die Administratiewe Beampste inbetaal word vir veilige bewaring. Inwoners is self verantwoordelik vir hul besittings en moet dus hul kaste en/of kamer sluit wanneer hulle uitgaan.

9. MEDIKASIE

Pille of medikasie vanaf die apteek word deur die Verpleegkundige in bevel ontvang, wat dit soos nodig, sal uitgee en monitor. Stel die suster in bevel in kennis van privaat doktersbesoeke in die tehuis.

10. UITNEEM VAN INWONERS

Sou inwoners wat versorging benodig uitgeneem word, mag dit slegs met die toestemming van die suster aan diens wees. Die Tehuis aanvaar geen verantwoordelikheid vir die versorging indien die persone nie voor 18:00 terug is nie. Met terugkeer na die Tehuis, rapporteer enige mediese klagtes aan suster aan diens.

11. **TROETELDIERE**

Geen troeteldiere behalwe voëltjies word toegelaat nie.

12. **REËLS EN REGULASIES**

Inwoners moet hulle by opname verbind om die reëls te gehoorsaam. Die Bestuurskomitee behou die reg voor om te enige tyd die bestaande reëls en regulasies te wysig of aan te vul. Inwoners is welkom om skriftelike voorstelle in die verband aan die Bestuurder te rig.

Let Wel:

Hierdie reëls vervang alle vorige reëls wat op inwoners van toepassing is. U heelhartige samewerking sal waardeer word.

Inwoners word hartlik welkom geheet en daar word vertrou dat hulle verblyf baie aangenaam en tot seën van die ander inwoners en die personeel sal wees.

Onderteken te _____ op hierdie ____ dag van _____ 20 ____

INWONER/S

Inwoner Naam en Van: _____

Inwoner Handtekening: _____

Inwoner Naam en Van: _____

Inwoner Handtekening: _____ (In geval van 'n egpaar)

BENOEMDE FAMILIELID / BENOEMDE VERTEENWOORDIGER:

Naam en van: _____

Handtekening: _____

GEMAGTIGDE BESTUURLID NAMENS ACVV-RESIDENSIËLE FASILITEIT:

Naam en van: _____

Handtekening: _____

Handtekening Getuie

Datum

ROOKBELEID

Volgens wet is rook verbode in alle openbare areas. Ten einde rokers te akkomodeer geld die volgende reël:

Inwoners:

- Silwerkruin is 'n geen rook area. Daar mag glad nie in die tehuis gerook word nie.
- Inwoners mag slegs buite die fasiliteit by die toegewysde areas rook.
- Stompies moet in die asbakke by die onderskeie rookareas doodgedruk word. Dit mag onder geen omstandighede in die tuin gegooi word nie.
- Probleme rakende die rookgewoonte kan aan die bestuurder gerapporteer word.
- Persone wat volhard om die rookbeleid te ignoreer se diesooreenkoms kan opgeskort word.

Onderteken te _____ op hierdie ____ dag van _____ 20 ____

INWONER/S

Inwoner Naam en Van: _____

Inwoner Handtekening: _____

Inwoner Naam en Van: _____

Inwoner Handtekening: _____ (In geval van 'n egpaar)

BENOEMDE FAMILIELID/BENOEMDE VERTEENWOORDIGER:

Naam en van: _____

Handtekening: _____

**GEMAGTIGDE BESTUURLID NAMENS ACVV-RESIDENSIËLE
FASILITEIT:**

Naam en van: _____

Handtekening: _____

Handtekening Getuie

Datum

KLAGTEPROSEDURE

1. Doel van prosedure

Om 'n formele kanaal vir inwoners daar te stel sodat klagtes spoedig en tydig gerapporteer, ondersoek en hanteer kan word. Om enige onreëlmatighede vroegtydig te identifiseer en sodoende te voorkom dat bejaardes/inwoners mishandel of uitgebuit word. Om te verseker dat die kwaliteit van lewe van alle inwoners bevorder, ontwikkel en in stand gehou word. Om toe te sien dat inwoners die nodige beskerming geniet deur die toepassing van Wetgewing en die handhawing van huisreëls, diensvlakkooreenkomste en verteenwoordiging.

2. Prosedure om klagtes te hanteer:

Enige inwoner wat 'n klag het, moet dit skriftelik of by wyse van 'n persoonlike afspraak onder die aandag van die Bestuurder of verpleegkunde in beheer bring. Die Bestuurder moet binne 3 werkdade die klag ondersoek en, indien dit 'n geldige klag is, die nodige aksie neem om die klag (probleem) op te los of reg te stel.

Die Bestuurder moet na afhandeling van die ondersoek die bevindinge, sowel as enige regstellende aksie wat geneem word, aan die klaer kommunikeer en sorg dat 'n skriftelike verslag aan die Bestuurskomitee voorsien word.

Indien die klaer onbevredigende reaksie kry, of vrees vir viktimisasie en gevolglik nie die normale klagteprosedure wil volg nie, kan die klag skriftelik aan die ACVV Streekvertenwoordiger: Boland, ACVV-Sentrum, Posbus 3834, Kaapstad, 8000 gerig word.

Klagtes van mishandeling, misbruik of uitbuiting word deur die klaer of deur die Bestuurder na die Ombudsman verwys vir hantering en verdere aksie. Alle klagtes en/of ondersoeke wat na die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling verwys word, of wat deur hulle ondersoek word, moet onmiddellik deur die Bestuurder aan die Bestuurskomitee en die Direkteur Maatskaplike Dienste rapporteer word.

Enige navrae deur die media ten opsigte van die klagtes word na die Hoofuitvoerende Beampte verwys vir kommentaar en/of 'n persverklaring.

BYLAAG 17

DIE GEBRUIK VAN MONITERINGSKAMERAS IN DIE WOONPLEK

VERKLARING DEUR INWONER

Hiermee verklaar ek _____ (volle name en van)

Identiteitsnommer _____ vrywillig soos volg:

Ek is 'n inwoner van Silwerkruin ACVV Huis vir Bejaardes vanaf

_____ (opnamedatum).

Die gebruik van moniteringskamas en die benutting van opname-materiaal in die woonplek is volledig aan my verduidelik. Ek stem saam dat ouer persone daardeur beskerm en beveilig sal word omdat die feite van spesifieke situasies op rekord beskikbaar sal wees. In die geval van 'n moontlike dispuut mag opgeneemde materiaal as getuienis gebruik word.

Onderteken te _____ op hierdie ____ dag van _____ 20 ____

Handtekening van Inwoner: _____

Handtekening Getuie

Datum

LEWENDE TESTAMENT

Hierdie verklaring word deur

VOLLE NAME EN VAN

ID NOMMER

na versigtige oorweging en terwyl van gesonde verstand gemaak.

Indien die tyd sou aanbreek dat ek nie meer in besluite rakende my mediese behandeling kan deelneem nie, sal hierdie verklaring as my wilsbeskikking en wens getuig.

Indien my hart of asemhaling om enige rede hoegenaamd sou stop, gelas ek dat geen pogings aangewend sal word om my te laat herlewe nie en dat ek toegelaat sal word om te sterwe.

Indien daar geen redelike moontlikheid bestaan vir my herstel van liggaamlike siekte, beserings of aantasting wat hewige noodlyding meebring, of wat my rasionele voortbestaan onmoontlik maak, en terwyl van gesonde verstand, is dit my wilsbeskikking dat ek toegelaat sal word om met waardigheid te sterf en dat ek nie deur radikale chirurgie of behandeling deur kunsmatige metodes aan die lewe gehou sal word nie.

Verder versoek ek dat ek 'n voldoende hoeveelheid verdowingsmiddels gegee sal word ten einde pyn te verlig selfs al word die oomblik van my dood daardeur verhaas.

(Opsioneel) - Hiermee gee ek ook toestemming om, indien my organe, naamlik niere, lewer, hart, beenmurg, korneas en enige weefsel, in 'n gunstige kondisie is, dit geskenk mag word aan iemand wat dit benodig na my afsterwe.

Onderteken te _____ op hierdie ____ dag van _____ 20 ____

In die teenwoordigheid van _____(Getuie 1)

en _____(Getuie 2)

wat in my teenwoordigheid en in die teenwoordigheid van mekaar hierdie dokument as getuies teken.

Handtekening Getuie 1

Handtekening Getuie 2

Datum